# *tippet 100*

**Dis die laaste week van Lydenstyd. Vir ons as Christen-gelowiges is hierdie 'n tyd van stilwees voor die oneindige liefde van God. Ons staan verstom voor die realiteit dat Hy regtig sy Seun gegee het.**

**Dit is Evangelie – Goeie Nuus. Dit gee lewe. Dit maak nuut. Dit skep nuwe moontlikhede vir ons verhouding met die Lewende God.**

**Natuurlik is daar baie mense wat dit nie glo nie. Daar is mense wat uitgesproke téén hierdie Evangelie is. Dit verander niks aan die feit hiervan nie.**

**Die vraag bly egter of hierdie Evangelie al óns lewens verander het? Meer soos Jesus geword?**

**Francois Retief**

**26 Maart 2018**